**Saterdag 29 September**

| Skrifgedeelte: Rigters 20:26-48 | Fokusgedeelte: Rigters 20:26-48 |
|---|---|

# Wanneer mens sonder God lewe (3)

Die boek Rigters sluit af met die woorde: “In daardie tyd was daar nog nie ’n koning in Israel nie, en elkeen het gedoen wat reg is in sy eie oë.”

Dit is amper asof die mense dit as verskoning probeer gebruik vir hulle optrede. Die Here gee vir die ander stamme die oorwinning oor Benjamin vir die gruweldade in Gibea, en dan in hulle eie sondigheid probeer hulle die volgende probleem oplos, sonder om enigsins die Here hieroor te raadpleeg. Dan die verskoning: Ons het nie ’n koning nie.

Deur die hele boek Rigters het God vir die mense gewys dat Hy hulle sal lei as hulle maar net sal luister, maar dit voel vir die volk na te veel moeite. Hulle wil eerder mense volg. So gebruik hulle ’n fees tot eer van die Here om hulle eie bose planne tot uitvoering te bring.

God eis gehoorsaamheid, Hy eis dat ons ons gedagtes op Hom moet rig. Die ergste is dat Hy dit nie eers vir ons moeilik gemaak het nie, Hy het sy Seun vir ons gegee as die helderste Lig in hierdie donker wêreld, om net te volg. Hy gee die Lig van die Heilige Gees in ons harte om dit nog makliker te maak. So waarom dan nog op jouself staatmaak? Kyk net op watter ellende en hartseer dit uitgeloop het, veral in Rigters 19 en 20.

Kyk na die wêreld rondom jou, is dit regtig so mooi en goed en lekker om jou “eie-ek” of mense na te volg? Wie volg jy? Volg jou Here Jesus Christus.

*Sing: Psalm 25-1:3*

*Ds. SJL (Lohan) Linde (Pretoria-Wonderboom-Suid)*